## 10 Februarie - BID

**Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-10**
**Fokusgedeelte: Jakobus 4:3**

Jakobus sê: *Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking* (5:14). Hier in ons fokusgedeelte sê hy egter dat daar met sy lesers se gebede 'n probleem is. Hulle ontvang niks uit God se hand nie. Hulle gebede word skynbaar nie verhoor nie. Hulle gebede het dus nie so 'n kragtige uitwerking gehad nie – dit terwyl 'n gelowige se gebed juis veronderstel is om presies hierdie uitwerking te hê! Waar lê die probleem? Jakobus sê hulle bid verkeerd.

Hoe lyk u gebed? Bid u reg of bid u verkeerd? Het u gebed 'n kragtige uitwerking?

Wanneer bid 'n mens verkeerd? Jakobus sê sy lesers ontvang nie, omdat hulle verkeerd bid. Hy sê: *... julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.*

Kom ons dink so 'n bietjie mooi na oor die inhoud van ons gebede van die afgelope tyd. Wat het u gebid? Waarvoor het u gevra? Waarom het u gebid? Bestaan ons gebede nie hoofsaaklik maar uit dinge wat ons bloot net as selfsugtige begeertes kan klassifiseer nie? Wat vra ons? Ons vra vir beskerming in ons gevaarlike samelewing. Ons vra vir gesondheid. Ons vra vir seëninge in ons eie en ons geliefdes se lewens. Ons vra vir hulp aan armes en eensames. Ons vra vir wysheid en krag. Ons vra vir ... Maar wag so 'n bietjie!

Het ons Here Jesus dan nie in sy bergrede gesê dat ons hemelse Vader weet dat ons al hierdie dinge nodig het nie? Hy sê ook mos verder in sy bergrede dat ons ons allereers vir die koninkryk van God en die wil van God moet beywer ... en dan sal Hy ons ook al hierdie dinge gee (Matt 6:32 en 33).

Bid ons nie dalk ook verkeerd nie? As ons begin bid soos ons Here Jesus ons geleer het, sal ons eers sy koninkryk soek en dan sal ons Vader al die ander dinge vir ons byvoeg.

Ons gebede sal kragtige dinge laat gebeur – as ons net begin om reg te bid!

*Sing: Psalm 81:11 (1936-beryming)* *Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)*